# GRONDWET VAN DIE JONGENSFONTEIN INWONERSVERENIGING

**1 NAAM**

Die naam van die Vereniging is **JONGENSFONTEIN INWONERSVERENIGING** (hierna "die Vereniging" genoem).

**2 DOELSTELLING**

Die oogmerke en doelstellings van die Vereniging, is:-

2.1 Om as spreekstem op te tree namens alle opbetaalde JIV lede wat betalende gebruikers van munisipale dienste op Jongensfontein is;

2.2 Om voortdurend kontak te hou om konsultasie te voer met die Wyksraadslid en die Raad van die Hessequa Munisipaliteit;

2.3 Om sover moontlik te poog om die gesonde en rustige atmosfeer en karakter van Jongensfontein te handhaaf;

2.4 Om die plante, diere en seelewe van Jongensfontein en sy omgewing te bewaar en te bevorder en enige omgewingsbesoedeling te bekamp;

2.5 Om die daarstelling van geriewe en ontspanningsfasiliteite vir die inwoners van Jongensfontein te bevorder, sonder om die landelike karakter van Jongensfontein te versteur;

2.6 Om fondse in te samel vir die nastrewing van bogenoemde doelstellings;

2.7 Om alle lede in te lig oor enige vordering van sake wat hul belange in Jongensfontein raak. Sodanige inligting sal óf op die Algemene Jaarvergadering óf op 'n Algemene Vergadering, óf by wyse van periodieke nuusbriewe, elektronies of andersins, bekend gemaak word, soos deur die Bestuur bepaal.

**3 BEVOEGDHEDE**

Die Vereniging het al sodanige magte wat gepaard gaan met, bevorderlik en nodig mag wees vir die uitvoering van die bogenoemde doelstellings en in die besonder, maar sonder om die wye omvang daarvan te beperk:-

3.1 Om gelde te leen vir enige doel van die Vereniging en om sekerheid te stel vir die terugbetaling van sodanige geld onder die dekking van enige deel van die eiendom en bates van die Vereniging en om betaling van die geld te waarborg, of aanspreeklik te wees daarvoor of vir die nakoming van enige verpligting;

3.2 Om die gelde van die Vereniging wat nie onmiddellik nodig is nie, te belê en op so 'n wyse daarmee te handel as wat van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal mag word;

3.3 Om 'n bankrekening/e in die naam van die Vereniging te open en daarmee te handel;

3.4 Om elektroniese betalings namens die Vereniging te maak en te ontvang en om tjeks, promesses, wissels en ander verhandelbare of oordraagbare dokumente te trek, maak, aksepteer, endoseer, verdiskonteer, verly en/of uit te reik. Al die vermelde dokumente moet mede-onderteken word deur enige twee bestuurslede wat vir hierdie doel deur die Bestuur aangewys is. Elektroniese betalings namens die Vereniging kan deur enige bestuurslid wat deur die bestuur daartoe gemagtig is, gedoen word.

**4 LIDMAATSKAP**

Lidmaatskap van die Vereniging sal ter beskikking wees vir alle persone wat munisipale dienste in Jongensfontein benut en 'n rekening daarvoor ontvang van die Munisipaliteit van Hessequa. Lidmaatskap van die Vereniging word toegestaan wanneer 'n kwalifiserende lid sy of haar lidmaatskapsgelde aan die Vereniging betaal en bly geldig tot die einde van die finansiële jaar ten aansien waarvan die ledegeld betaal is. Slegs kwalifiserende lede wat lidmaatskapgelde ten aansien van 'n finansiële jaar betaal het sal geregtig wees om stemreg op vergaderings van die Vereniging uit te oefen, met dien verstande dat stemreg sal bly voortbestaan tot die einde van die kalenderjaar indien die einde van die finansiële jaar vroeër as die einde van die kalenderjaar is.

**5 LEDEGELDE**

Ledegelde sal jaarliks deur die Algemene Jaarvergadering bepaal word. Ledegelde is jaarliks betaalbaar ten opsigte van elke <u>finansiële</u> jaar, wat strek vanaf 1 Oktober tot 30 September.

**6 BESTUUR**

Die Bestuur van die Vereniging word jaarliks op die Algemene Jaarvergadering deur 'n meerderheid van die teenwoordige stemgeregtigde lede verkies. Die Voorsitter van die vergadering sal die verkiesing beheer. Nominasies sal mondelings geskied en moet gesekondeer word deur 'n stemgeregtigde lid. Stemming sal by wyse van die opsteek van hande geskied. Die Bestuur van die Vereniging sal uit die volgende lede bestaan:-

6.1 Voorsitter;

6.2 Ondervoorsitter;

6.3 Sekretaris(esse) / Tesourier(e);

6.4 Die Bestuur het die reg om nog addisionele lede op die Bestuur te koöpteer om vir die onverstreke gedeelte van die termyn te dien of met die oog daarop om spesifieke kundigheid op die Bestuur te verkry ten aansien van ‘n spesifieke projek. Besluite van die Bestuur kan by wyse van sirkulerende elektroniese boodskappe aan en van elke bestuurslid of by wyse van ander sirkulerende skriftelike boodskappe aan en van elke bestuurslid geneem word. Bestuursbesluite wat met ‘n meerderheidstem aanvaar word sal bindend wees.

6.5 Die Uitvoerende Komitee, bestaande uit die Voorsitter en nog twee Bestuurslede deur die Voorsitter aangewys, sal daarop geregtig wees om sake van die dag namens die Vereniging te hanteer. Besluite van die Uitvoerende Komitee kan telefonies, mondeling of by wyse van sirkulerende elektroniese boodskappe aan en van elke lid van die Uitvoerende Komitee of by wyse van ander sirkulerende skriftelike boodskappe aan en van elke lid van die Uitvoerende Komitee geneem word. Uitvoerende Komitee-besluite wat met ‘n meerderheidstem aanvaar word sal bindend wees.

## 7 ALGEMENE VERGADERINGS

7.1 Die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging sal jaarliks plaasvind op ‘n geskikte datum tussen 15 Desember en 31 Desember. Verdere Algemene Vergaderings mag deur die Bestuur belê word uit eie beweging of op skriftelike versoek van een derde van die stemgeregtigde lede.

7.2 Kennis van alle Algemene Vergaderings moet minstens vyf kalenderdae voor die datum van die vergadering gegee word. Sodanige kennis kan by wyse van elektroniese boodskappe gegee word en sal by versending aan die elektroniese adresse van lede soos dit op die rekords van die Vereniging verskyn, geag geldige kennisgewing te wees. Die onus om korrekte elektroniese adresse te verskaf en die korrektheid daarvan na te gaan rus op die lede van die Vereniging. Kennis van vergaderings aan lede ten aansien van wie geen elektroniese adresse beskikbaar is nie kan ook by wyse van kennisgewing op die kennisgewingbord van die Vereniging gegee word.

7.3 Kennis van ‘n Algemene Jaarvergadering waarop ‘n punt ter tafel gelê word vir die ontbinding van die Vereniging, sal voorafgegaan word met veertien dae skriftelike kennisgewing aan alle lede. ‘n Besluit rakende ontbinding van die Vereniging kan slegs by die Algemene Jaarvergadering geneem word.

7.4 Die Voorsitter van die vergadering sal binne sy eie diskresie, maar so na moontlik aan aanvaarde vergaderingsprosedure, die beslissing hê oor die prosedure wat by die vergaderings sal geld.

7.5 Afgesien van enige ander saak wat op die agenda geplaas is vir bespreking by die Algemene Jaarvergadering, moet die lede op so 'n vergadering ten minste die volgende oorweeg vir aanvaarding, afwysing en/of wysiging:-

7.5.1 die jaarverslag van die Voorsitter;

7.5.2 die finansiële state van die voorafgaande finansiële jaar;

7.5.3 die aanstelling van die ouditeure vir die volgende finansiële jaar, asook die vergoeding van die ouditeur;

7.5.4 die verkiesing van die nuwe bestuur;

7.5.5 die uitbreiding of inperking van die magte en pligte van die bestuur, indien toepaslik.

## 8 STEMREG

8.1 Slegs kwalifiserende lede wie se ledegelde ten volle betaal is, sal daarop geregtig wees om te stem op enige Algemene Vergadering. Stemgeregtigde lede, wat nie op 'n Algemene Vergadering teenwoordig kan wees nie, mag skriftelik aan 'n gevolmagtigde volmag verleen om namens so 'n lid te stem.

8.2 Enige sodanige volmagte moet voor die aanvang van die vergadering by die Voorsitter ingedien word en hoef nie aan 'n voorgeskrewe formaat te voldoen nie, maar moet minstens die name en handtekeninge van die volmaggewer en die gevolmagtigde bevat sowel as die datum van die vergadering waarop die volmag betrekking het.

## 9 KWORUMS

9.1 Vir enige wysiging van die Grondwet van die Vereniging sal 'n kworum bestaan uit een derde van die stemgeregtigde lede wat op 'n Algemene Jaarvergadering teenwoordig of behoorlik verteenwoordig moet wees.

9.2 Op ‘n Algemene Jaarvergadering of enige Algemene Vergadering sal vyf en twintig persent of twintig stemgeregtigde lede (watter geval ookal die minste is) ‘n kworum uitmaak, onderworpe aan 9.1 hiebo.

9.3 Op ‘n Bestuursvergadering sal ‘n kworum bestaan indien die Voorsitter / Ondervoorsitter en twee Bestuurslede teenwoordig is. Indien die Voorsitter nie teenwoordig is nie, sal ‘n kworum bestaan uit vier Bestuurslede.

9.4 Al die lede van die Uitvoerende Komitee moet teenwoordig wees op ‘n vergadering van daardie komitee.

9.5 Indien daar nie ‘n kworum teenwoordig is by enige Algemene Jaarvergadering of Algemene Vergadering nie, moet die vergadering vir 30 minute uitgestel word, waarna die teenwoordige of behoorlik verteenwoordigde stemgeregtigde lede, ‘n kworum uitmaak. Alle sake op die agenda kan afgehandel word, met uitsondering van die wysiging van die Grondwet en die ontbinding van die Vereniging.

9.6 Indien daar by ‘n vergadering na verwys in 9.1, 9.3, 9.4 of 9.7 nie ‘n kworum aanwesig is na die verloop van 30 minute na die beplande aanvangstyd van die vergadering nie, word so ‘n vergadering uitgestel met een week om plaas te vind op dieselfde plek en tyd. Indien daar by hierdie uitgestelde vergadering steeds nie ‘n kworum teenwoordig is nie, sal die persone wat op die vergadering teenwoordig of behoorlik verteenwoordig is (in die geval van ‘n vergadering vermeld in 9.1 of 9.7) ‘n kworum vorm.

9.7 In die geval van ‘n Algemene Jaarvergadering wat belê word met die oog op die ontbinding van die Vereniging soos na verwys in Klousule 11, sal die kworumvereiste twee-derdes van die stemgeregtigde lede wat persoonlik teenwoordig of behoorlik verteenwoordig is, wees.

## 10 WYSIGING VAN BESLUITE

Wanneer wysiging verlang word van besluite geneem op vorige Algemene Jaarvergaderings of Algemene Vergaderings, moet die Betuur minstens 48 uur voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering of Algemene Vergadering skriftelik in kennis gestel word van sodanige voorgenome wysiging.

## 11 ONTBINDING

11.1 Die Vereniging sal ontbind, indien:

11.1.1 Op ‘n Algemene Jaarvergadering ‘n besluit tot dien effekte geneem word nadat die voorgenome besluit in die agenda vervat is en daar op die wyse soos voorsien in 7.3 kennis hiervan gegee is; of

11.1.2 Indien die Vereniging vir ‘n tydperk van twee jaar nie meer gefunksioneer het nie.

11.2 Alle bates van die Vereniging sal in geval van ontbinding oorgedra word na die Raad van die Hessequa Munisipaliteit, wat hierdie bates vir ten minste twee jaar in trust sal hou. Daarna sal die Raad van Hessequa Munisipaliteit die betrokke bates binne twee jaar aanwend in Jongensfontein in ooreenstemming met die doelstellings van die Vereniging, soos uiteengesit in Klousule 2 van hierdie Grondwet en na skriftelike elektroniese kennisgewing aan die laaste verkose Bestuurslede van die Vereniging wie se elektroniese adresse bekom kan word. Indien die Raad van Hessequa Munisipaliteit nie bereid is om op die voormelde wyse op te tree nie sal die laaste verkose bestuurslede van die Vereniging wat beskikbaar is toesien dat die bates sover moontlik te gelde gemaak word en aan verdienstelike voormalige kwalifiserende lede van die Vereniging geskenk word.

## 12 WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Enige voorgenome wysiging van hierdie Grondwet kan slegs aanvaar word op ‘n Algemene Jaarvergadering of Algemene Vergadering wat vir hierdie doel belê is, nadat die voorgestelde wysigings vervat is in of aangeheg is by die agenda en waarvan alle lede die nodige kennis gegee is kragtens Klousule 7.2.

## 13 VERTOLKING VAN DIE GRONDWET

Indien ‘n geskil ontstaan oor die uitleg van enige van die bepalings van hierdie Grondwet, sal die beslissing van die Bestuur finaal en bindend wees, alhoewel enige verontregte lid geregtig daarop sal wees om hierdie beslissing by ‘n gepaste hof op hersiening te neem. Die bewyslas in die geval van so ‘n appél sal egter op die lid wat die aansoek loods, rus. In geval van teenstrydighede of verskille tussen die Afrikaanse en Engelse weergawe van die Grondwet, sal die Afrikaanse teks deurslaggewend wees.

## 14 VRYWARING EN AANSPREEKLIKHEID VAN LEDE

14.1 <u>Vrywaring</u>

Elke Bestuurslid, werknemer of ampsdraer van die Vereniging sal geregtig wees om alle gemagtigde uitgawes wat so ‘n Bestuurslid, werknemer of ampsdraer in die uitvoering van sy pligte aangegaan het, van die Vereniging te eis en vrywaar die Vereniging elke

Bestuurslid, werknemer of ampsdraer teen enige eise deur derde partye of skade wat gely word as gevolg van die aangaan van sodanige uitgawes.

14.2 Aanspreeklikheid

Geen lid, werknemer of ampsdraer van die Vereniging is ooit aanspreeklik vir die optrede of nalate van 'n ander lid, werknemer of ampsdraer van die Vereniging nie. Sonder om 'n beperking te plaas op die algemeenheid daarvan sal geen lid, werknemer of ampsdraer persoonlike aanspreeklikheid opdoen wat mag voortspruit uit so 'n lid, werknemer of ampsdraer se optrede indien die persoon handel of nalaat om te handel in die uitvoering van sy of haar pligte namens die Vereniging nie. Hierdie beskerming sal egter nie geld indien 'n lid, werknemer of ampsdraer op 'n bedrieglike of oneerlike wyse handel nie.

## 15 SKORSING VAN LEDE

Die Bestuur sal na deeglike oorweging daarop geregtig wees om lede te skors of lidmaatskap op te skort vir 'n tydperk wat deur die Bestuur bepaal word, indien die Bestuur van mening is dat 'n lid se optrede of nalate teenstrydig is met die doelstellings van die Vereniging of tot nadeel van die Vereniging strek. So 'n lid mag appelleer na die Algemene Jaarvergadering wat die appél kan handhaaf of afwys deur 'n gewone meerderheid van stemme by die Algemene Jaarvergadering.